

### *Leef ons gemeente nog?*

Ons hoor vandag dikwels die beskuldiging dat die Kerk en veral die Gereformeerde kerke dood is. Ons is gewoonlik gou om hierdie beskuldiging te verwerp en te wys op baie dinge in ons gemeente wat bewys dat ons lewe. Wat maak ons as die beskuldiging uit die mond van Christus Self kom: "Jy het die naam dat jy leef, maar jy is dood"? Hy kyk by die uitwendige en die skyn verby. In Sardis was daar nie vervolging of dwaalleer nie. Kan ons sê dit was veel erger: Hulle was dood. Daar was innerlike versterwing. Waarom? Lees vers 4. Letterlik staan daar: Julle werke is nie vol nie. Met ander woorde dit is leeg. Daar is nog werke, maar dit is skyn, dooie vorm. Die gees is daar uit.

Is dit nie een van die groot gevare wat ons bedreig nie. Ons leef so rustig. Ons word nie vervolg nie. Ons is so suiwer gereformeerde. Is dit nie besig om stilweg dood te gaan nie? Die mooiste preke beweeg ons nie meer nie. Die huisbesoek maak geen verskil nie.

Hoe kom daar weer lewe, vernuwing? Daar word vandag baie antwoorde gegee. Charismatiese tendense begin posvat. Daar moet meer dialoog in die erediens wees. Ons moet nuwe liedere kry. Wat sê Christus? Hy sê ons moet wakker word. Die oproep staan in die Bybel altyd in verband met die verwagting van die wederkoms. Alles in die gemeente moet daarmee rekening hou: prediking, huisbesoek, kerkisasie. Ons kan die einde nooit losmaak van Christus wat kom nie. Daarom sê HY: Dink daaraan hoe julle die Evangelie ontvang en daarna geluister het. Hou daarmee vol en bekeer julle. Om weer te lewe, moet ons terugkyk. Dit is vernuwing. Ons moet onthou hoe dit vroeër was, toe ons soos 'n stralende bruid aan Christus verbind is voor die bruidsrok verbleik en vergeel het, toe ons die prediking ingedrink het, nie 'n erediens wou mis nie. Onthou u dit nog?

Ons moet ons bekeer tot Christus, dan alleen wyk die dood. Sy Woord moet gepreek word. Daar is geen plaasvervanger vir die prediking nie. Hy alleen is die Bron van alle lig en lewe. Hy staan met die sewe Geeste in sy hand. Daar was nog hoop vir Sardis omdat die Gees nog daar is. Dit is dieselfde Gees wat ons ook ontvang het.

Dr. C.F.C. Coetzee (Potchefstroom)